**DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**
Registration number: 2002/031756/08
Registered with the Department of Higher Education and Training as a private higher education institution under the Higher Education Act, 1997
**Registration Certificate No. 1999/HE08/001**

AP AKADEMIE
"Ou Spore - Nuwe Weë"

# AANSOEKVORM VIR VOORNEMENDE BDIV STUDENTE (2020)

**(GEBRUIK ASSEBLIEF DRUKSKRIF EN 'N SWART PEN)**

**'N ONVOLLEDIGE AANSOEKVORM SONDER DIE R350-00 INSKRYWINGSGELD *KAN NIE* GEPROSSESEER WORD *NIE***

**VIR KANTOORGEBRUIK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Van** | | **Noemnaam** | |

**Studentenommer toegeken:**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

## A. ALGEMENE INLIGTING EN VOORSKRIFTE AAN VOORNEMENDE STUDENTE

**1.** Lees die volgende voorskrifte en inligting deur voordat die vorm voltooi word. Onvolledige aansoeke **en/of nie-akkurate inligting kan u aansoek benadeel.**
Hierdie aansoek moet ingevul word deur alle voornemende studente aan die AP Akademie.

2. Die volgende dokumente moet hierdie aansoek vergesel (slegs kopieë wat deur 'n Kommissaris van Ede gewaarmerk is, sal aanvaar word):

**OORSIGLYS**

Ek het die volgende dokumente ingesluit by my AP Akademie aansoekvorm (Merk met 'n **✗)**

| | |
|---|---|
| Voltooide aansoekvorm | |
| Gewaarmerkte afskrif van my ID Dokument en of Paspoort | |
| Gewaarmerkte afskrif van ID Dokument/Paspoort van persoon verantwoordelik vir rekening | |
| Gewaarmerkte afskrif van die persoon verantwoordelik vir die rekening se munisipale-, telefoon- of soortgelyke rekening om te bevestig dat dit die persoon, verantwoordelik vir die rekening, se fisiese adres is | |
| Gewaarmerkte afskrif van Matrikulasiesertifikaat/Nasionale Senior Sertifikaat (UMALUSI) | |
| Gewaarmerkte afskrif van getuigskrif van Skoolhoof/Leraar of Werkgewer | |
| Gewaarmerkte afskrif van Akademiese rekords van studie by ander tersiêre inrigting verwerf (indien van toepassing of in die geval van studente wat aansoek doen om erkenning van vakke) | |
| Gewaarmerkte afskrif van Graadsertifikaat, diploma en/of sertifikate | |
| Gewaarmerkte afskrif van Huweliksertifikaat | |
| Bewys van betaling van inskrywingsgeld | |
| Buitelandse student: Gewaarmerkte afskrif van studiepermit en bewys van mediese dekking | |

- Elke bladsy van die aansoekvorm, insluitende die bylaes, moet geparafeer word deur al die ondertekendes.
- Stuur asb u Aansoekvorm in **PDF** formaat per epos aan info@apa.ac.za.

**Bankbesonderhede:**
AP Akademie
**Bank**: ABSA **Tak**: 632005 (Hatfield) **Rek nr.**: 408 589 5656
**Verw.**: Voorletters en van asook 'n aanduiding waarvoor die geld aangewend moet word (bv. P Nel Klasgeld)

Kansellasie prosedure

U moet die Registrateur onmiddellik in kennis stel indien:

- u besluit om u aansoek om watter rede ookal terug te trek;
- u besluit om enige vak en/of kursus waarvoor u toegelaat was, te staak. Vakke kan gestaak word slegs voor die datum wat op die jaarprogram aangedui is. Indien enige vak na die datum op die jaarprogram gestaak word, sal die student verantwoordelik wees vir die volle kursusgeld.

Indien ‘n student binne die eerste twee weke nadat die eerste semester begin het, besluit om sy/haar studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Registrateur gee, word die student van die studiegelde vir die eerste semester kwytgeskeld. Die registrasiegeld is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie.

Indien ‘n student ***na*** die eerste twee weke nadat die eerste semester begin het, besluit om sy/haar studies te staak, bly die student verantwoordelik vir die betaling van die studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien ‘n student egter versuim om betyds kennis te gee, bly hy/sy aanspreeklik vir die volle jaar se studiegelde.

Indien ‘n student binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om sy/haar studie te staak en vroegtydig behoorlik en skriftelik kennis daarvan gee, word die student van die studiegelde vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die student sy/haar studie ***na*** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die student verantwoordelik vir die betaling van die studiegelde vir die volle tweede semester.

Dit is die student se verantwoordelikheid om

- te bevestig of die AP Akademie die kansellasiebrief ontvang het;
- enige persoonlike inligting wat verander (bv. adres) aan die AP Akademie deur te gee.

3. Die AP Akademie wys u daarop dat die onderrig op ‘n Protestantse en Gereformeerde Afrikaanse etos berus. Die Akademie is op dié grondslag by die Departement van Onderwys geregistreer. Daar word van alle studente verwag om dié grondslag in ‘n Ondertekeningsdokument te onderskryf.
4. Die Senaat van die AP Akademie en/of Fakulteitsrade behou die reg voor om enige aansoek te weier sonder om redes te verskaf oor die besluit.
5. Die AP Akademie behou die reg voor om nie ‘n vak vir nie-teologiese studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir nie-teologiese eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.
6. Indien u onseker is en enige verdere inligting verlang, kontak die Persoonlike Assistent van die Rektor en Registrateur.
7. Waar het u gehoor van die AP Akademie? ......................................................................................

## REGISTRASIE-BESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Het u al vantevore by die AP Akademie geregistreer? | Ja | Nee |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Indien wel, meld u studentenommer | | | | | | | | | | |

## B. PERSOONLIKE INLIGTING VAN KANDIDAAT

Die Aansoekvorm is opgstel in ooreenstemming met die basiese vereistes van die POPI-wetgewing. POPI verwys na Suid-Afrika se Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, wat ten doel het om die **prosessering** en hantering van **persoonlike inligting** te reguleer.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Van | | Voorletters | | | | |
| Volle name | | | | | | |
| Noemnaam | | Titel | | | | |

| Identiteitsnommer | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**NB: Heg asseblief 'n gewaarmerkte afskrif van u identiteitsdokument en/of paspoort by aansoekvorm aan.**

| Huwelikstatus: | Enkellopend | Getroud | Geskei | Ander |
|---|---|---|---|---|

| Geslag | M | V | Nooiensvan (getroude dames) | |
|---|---|---|---|---|

Nasionaliteit Suid-Afrikaanse burger: [ ] Ander: [ ]

Indien nie Suid-Afrikaans, verskaf die volgende:

[ ] Studiepermit [ ] Verblyfpermit

| Permitnommer | | | | | | | | | | | Vervaldatum | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| Bevolkingsgroep | Blank | Bruin | Indiër | Swart |
|---|---|---|---|---|

| Kerkverband | | Huistaal* | |
|---|---|---|---|

***** Neem asseblief kennis van die **Taalbeleid** van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC* soos vervat in die Prospektus en op die webblad.

**Dra u kennis dat die Taalbeleid van die AP Akademie in Afrikaans is? JA/NEE**

Ly u aan enige gestremdheid? | Ja | Nee | Indien "JA" spesifiseer: ..................................................

Indien wel, meld die aard van die gestremdheid [ ]

Staan u tans in 'n voltydse beroep? | Ja | Nee | Indien "JA" spesifiseer: ..........................................

Was u al ooit van 'n kriminele oortreding aangekla? | Ja | Nee | Indien "JA" spesifiseer: .........................

## C. KONTAKBESONDERHEDE

### 1. Kontakbesonderhede van aansoeker

| Posadres: | | Straatadres: | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| Kode: | | Kode: | |
| Provinsie: | | Provinsie: | |

| Telefoon (tuis) | | Selfoonnommer | |
|---|---|---|---|
| Telefoon (werk) | | | |

Het u toegang tot rekenaarfasiliteite? | Ja | Nee | Het u internettoegang? | Ja | Nee |

In die geval van afstandstudente, ***moet*** u toegang tot 'n rekenaar asook internettoegang hê.

E-posadres [ ]

In die geval van afstandstudente, ***moet*** u 'n e-posadres verskaf.

Mag die AP Akademie u kontakbesonderhede aan mede studente wat sosiale funkies organiseer sowel as aan klas- en studiegroepe verskaf? | Ja | Nee |

### 2. Kontakbesonderhede van persoon verantwoordelik vir die rekening

| Van | | Voorletters | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|

Volle name ______ Titel ______

Identiteitsnommer ______

Posadres: ______ Straatadres: ______

Kode: Kode:

Provinsie: Provinsie:

Telefoon (tuis) ______ Selfoonnommer ______

Telefoon (werk) ______ E-posadres ______

Verwantskap ______

**Besonderhede van <u>werkgewer</u> van persoon verantwoordelik vir die rekening**

Van ______ Voorletters ______

Volle name ______ Titel ______

Besigheid se naam ______

E-posadres ______

Werks-Posadres: ______ Werks-Straatadres: ______

Kode: Kode:

Provinsie: Provinsie:

**3. Kontakbesonderhede van aansoeker se ouer/voog/naasbestaande**

Van ______ Voorletters ______

Volle name ______ Titel ______

Identiteitsnommer ______

E-posadres ______ Verwantskap ______

Posadres: ______ Straatadres: ______

Kode: Kode:

Provinsie: Provinsie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Telefoon (tuis) | | Selfoonnommer | |
| Telefoon (werk) | | | |

**4. Besonderhede van werkgewer van aansoeker (Indien van toepassing)**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Van | | Voorletters | | | | |
| Volle name | | Titel | | | | |
| Besigheid se naam | | | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Posadres: | | Straatadres: | |
| | | | |
| | | | |
| Kode: | | Kode: | |
| Provinsie: | | Provinsie: | |

## D. VERSLAG OOR SKOOLLOOPBAAN (indien van toepassing)

| | |
|---|---|
| Naam van skool | |
| Dorp of Stad waar skool geleë is | |

Tipe vrystelling

| | |
|---|---|
| | Algehele vrystelling |
| | Voorwaardelike vrystelling as gevolg van ouderdom |
| | Senior sertifikaat (sonder vrystelling) |
| | Umalusi |

| Matrikulasiejaar | | | | |
|---|---|---|---|---|

**NB: Heg asseblief 'n gewaarmerkte afskrif van Matrikulasiesertifikaat/Nasionale Senior Sertifikaat en 'n gewaarmerkte afskrif van 'n getuigskrif van u Skoolhoof by u aansoek aan.**

## E. VERSLAG OOR TERSIÊRE GESKIEDENIS (Voltooi asb. toepaslike aansoekvorm)

***Is/Was*** u by enige tersiêre inrigting ingeskryf?

| Ja | Nee |
|---|---|

| Tydperk | | Naam van tersiêre instansie | Naam van graad/diploma/ sertifikaat | Studie voltooi | | Universiteits-studentenr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vanaf jaar/ Maand | Tot jaar/ maand | | | Ja | Nee | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

**NB: Heg asseblief gewaarmerkte afskrifte van akademiese rekords en graadsertifikaat, diploma en/of sertifikate van die tersiêre instansie waar u voorheen studeer het by u aansoek aan.**

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Het u die kursus voltooi? | | |
| Wil u vrystelling hê vir vakke voltooi? | | |

Meld watter vakke van 'n graad u reeds voltooi het, asook die vlak (bv. Hebreeus 2). Indien u die vakke aan 'n ander tersiêre inrigting voltooi het, en in aanmerking wil kom vir erkenning van vorige studie, heg die relevante puntestaat hierby aan.

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

**Erkenning van vakke elders verwerf**
‘n Persoon wat reeds ‘n aantal vakke aan ‘n ander erkende universiteit of privaat tersiêre inrigting verwerf het, kan die BA-graad by die AP Akademie verwerf, mits die helfte plus een van die graad-vakke by die AP Akademie gevolg en geslaag word en mits die twee hoofvakke by die AP Akademie geneem is.

## F. VERSLAG VAN RELEVANTE INFORMELE OPLEIDING WAT AS RPL/CAT AANGEBIED WORD

**Voltooi asseblief toepaslike aansoekvorm met die vereiste portfolio.**
**Aansoekvorm moet aangevra word by info@apa.ac.za.**

## G. REGISTRASIE AFDELING

**BDiv-Graad**
**(Vergelyk Prospektus 2020, Sillabus en Kombinasiereëls)**

**Merk met ‘n ✘ in die toepaslike blokkie waar u u keuse maak**

| JAAR 1 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| **Sem. 1** | Akademiese Geletterdheid | AKG1152 | |
| | Bybelse Grieks I | GRK1064 | |
| | Bybelse Hebreeus I | HEB1064 | |
| | Inleiding tot Bybelse Teologie | BYT1152 | |

| VAK-KODE | VAK | KEUSE | VAK-KODE | VAK | KEUSE |
|---|---|---|---|---|---|
| DTS1054 | Basiese Duits | | LAT1054 | Basiese Latyn | |

| JAAR 1 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| **Sem. 2** | Bybelse Grieks I | GRK1064 | |
| | Bybelse Hebreeus I | HEB1064 | |
| | Inleiding tot Sistematiese Teologie | DOG1252 | |
| | Inleiding tot Kerkgeskiedenis | KGS1252 | |
| | Inleiding tot Diakoniologie | DKN1252 | |
| | Inleiding tot Missiologie | MIS1252 | |

| JAAR 2 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 1 | Bybelse Grieks II | GRK1064 | |
| | Bybelse Hebreeus II | HEB1064 | |
| | Studie van die Ou Testament: Pentateug | OTW2162 | |
| | Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies | NTW2162 | |
| | Studie van Kerkgeskiedenis: 33-900 n.C. | KGS2162 | |

| JAAR 2 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 2 | Bybelse Grieks II | GRK1064 | |
| | Bybelse Hebreeus II | HEB1064 | |
| | Studie van die Ou Testament: Historiese Boeke | OTW2262 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe | NTW2262 | |
| | Studie van Diakoniologie: Kategetiek | DKN2262 | |
| | Studie van Missiologie: Godsdiensgeskiedenis | MIS2262 | |

| JAAR 3 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 1 | Navorsingsmetodologie | NAM3172 | |
| | Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke | OTW3172 | |
| | Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur | NTW3172 | |
| | Studie van Sistematiese Teologie: Van Belydenis tot Dogmatiek | DOG3162 | |
| | Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis: 900-1500 n.C. | KGS3172 | |

| VAK-KODE | VAK | KEUSE | VAK-KODE | VAK | KEUSE |
|---|---|---|---|---|---|
| DKN3172 | Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek | | DKN3172a | Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk | |

| JAAR 3 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 2 | Navorsingsvoorstel | NAV3281 | |
| | Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur | OTW3272 | |
| | Gevorderde studie van Sistematiese Teologie: God, skepping, openbaring en etiek | DOG3272 | |
| | In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1500-1800 n.C. | KGS3282 | |
| | Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam | MIS3272 | |
| | Werksgeïntegreerde leer (WIL) | DIP3271 | |

| JAAR 4 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 1 | In-diepte studie van Bybelse Teologie | BYT4084 | |
| | In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Mens, verlossing, kerk en etiek | DOG4182 | |
| | In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1800-2000 n.C. | KGS4182 | |
| | In-diepte studie van Missiologie: Sendinggeskiedenis | MIS4182 | |

| VAK-KODE | VAK | KEUSE | VAK-KODE | VAK | KEUSE |
|---|---|---|---|---|---|
| DKN4182 | In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie | | DKN4182a | In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting | |

| JAAR 4 | MODULEBESKRYWING | KODE | KEUSE |
|---|---|---|---|
| Sem. 2 | Navorsingsprojek | NAP4282 | |
| | In-diepte studie van Bybelse Teologie | BYT4084 | |
| | In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Wysheid en Apologetiek | DOG4282 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | In-diepte studie van Missiologie: Teologie en teorie van Christelike sending | MIS4282 | |

| VAK-KODE | VAK | KEUSE | VAK-KODE | VAK | KEUSE |
|---|---|---|---|---|---|
| DKN4282 | In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek | | DKN4282a | In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading | |

## H. VERSUIM OM FINANSIËLE VERPLIGTINGE NA TE KOM

In geval van studente wat nie hul finansiële verpligtinge betyds nakom nie, behou *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* hom die reg voor om die student se registrasie te kanselleer, om studie-inligting te weerhou, toegang tot lesings en eksamen te weier, sertifikate te weerhou, asook taak- en eksamenuitslae te weerhou, registrasie vir die volgende jaar te weier, die uitreiking van ‘n getuigskrif vir studies aan ‘n ander tersiêre inrigting te weier, om regsaksie teen sodanige studente asook teen die persoon aanspreeklik vir die rekening te neem. Die AP Akademie kan nie waarborg dat studie-inligting of enige ander dienste betyds gelewer sal word indien ‘n student versuim om by die betalingsooreenkoms te hou nie. Die student en persoon verantwoordelik vir die rekening sal albei aanspreeklik gehou word vir kostes op prokureur-en-kliënt skaal verbonde aan die invordering van uitstaande skuld.

## I. ONDERNEMING/S deur aansoeker (ouer/voog indien van toepassing) en persoon verantwoordelik vir die rekening

Indien die student minderjarig is, moet die aansoek en onderneming ook deur die ouer/voog onderteken word.

Indien die student bygestaan word vir die betaling van die rekening, moet die persoon verantwoordelik vir die rekening, ook die aansoekvorm en die onderneming onderteken.

### 1. Algemeen

Ek/Ons verstaan en aanvaar dat die aansoek onder andere ook die implikasie van redelike kredietkontrole-maatreëls, byvoorbeeld ‘n kontrolering kan deur die AP Akademie na die kredietwaardigheid van die persoon verantwoordelik vir die rekening gedoen word.

Ek/Ons gee hiermee toestemming dat sou ek in gebreke bly om betalings te maak volgens hierdie ooreenkoms, my/ons persoonlike inligting hierin verskaf, aan ‘n kredietburo beskikbaar gestel mag word, en sou ek/ons verdwyn, of een of beide van die adresse deur my in hierdie aansoek verlaat, dat ek deur ‘n krediet buro opgespoor mag word. Ek/ons stem ook in om alle opspoor- en invorderingskoste te betaal.

Ek onderneem om te hou by alle reëls, regulasies, prosedures, beleide en besluite van die AP Akademie, en dat ek die leiding van die AP Akademie in ag neem wat toepaslik is op studente in die algemeen en/of op die kursus waarvoor ek registreer. Ek onderneem om die AP Akademie binne 21 kalenderdae skriftelik in kennis te stel van enige veranderinge in Afdeling B en C van die vorm. Ek verstaan en aanvaar dat enige huwelikskontrak deur my aangegaan terwyl ek onder verpligting van hierdie kontrak is, nie my aanspreeklikheid ten opsigte daarvan sal kanselleer nie.

Verder verklaar ek/ons dat ek/ons al die stipulasies van hierdie ooreenkoms verstaan en aanvaar, veral die implikasies van punt H, *Versuim om finansiële verpligtinge na te kom* en om finansiële verpligtinge op die vasgestelde datums na te kom, asook die finansiële verpligtinge wat spruit uit die kansellasie van studies na die betrokke afsnydatums.

### 2. Onderneming deur aansoeker

2.1 Ek verklaar dat ek die vorm volledig voltooi het, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

2.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm ‘n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

2.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepassing, dat ek/ons die bedrag van alle klasgelde en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom.

2.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande klasgelde asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

2.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word, en soos deur die Onderwyswet vereis, in die noodsaaklike korrespondensie met SAQA (*South African Qualification Authority*), CHE (*Council on Higher Education*) en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) gebruik mag word.

2.6 Ek verleen toestemming dat basiese persoonlike inligting aan die Biblioteek beskikbaar gestel mag word vir die uitreiking van 'n gebruikersnaam en wagwoord om my in staat te stel om die rekenaarstelsel te gebruik.

2.7 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur hom/haar nagekom is.

2.8 Ek neem kennis dat ek toetsantwoorde/antwoordstelle/take/opdragte/referate/skripsies soos deur die Fakulteitsraad vereis, betyds (op die voorgeskrewe datums) moet inlewer. Versuim om dit te doen, of indien ek nie 'n slaagpunt behaal nie, sal veroorsaak dat ek nie eksamentoelating sal verkry nie.

| Handtekening van student | Datum |
|---|---|
| | |

**3. Onderneming deur ouer/voog (indien student minderjarig is)**

3.1 Ek verklaar dat ek sover my kennis strek die vorm volledig voltooi is, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

3.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm 'n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

3.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepasiing, dat ek/ons die bedrag van alle klasgelde en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom

3.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande klasgelde asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

3.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word.

3.6 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur hom/haar nagekom is.

| Handtekening van ouer/voog<br>(Indien aansoeker onder 21 jaar is) | Datum |
|---|---|
| | |

**4. Onderneming van persoon verantwoordelik vir die rekening indien dit nie die student self of die ouer/voog is nie.**

4.1 Ek verklaar dat ek sover my kennis strek die vorm volledig voltooi is, en dat alle besonderhede waar en korrek is.

4.2 Ek verstaan en erken dat by die goedkeuring van die voornemende student se aansoek by die AP Akademie, hierdie aansoekvorm 'n bindende kontrak tussen die aansoeker en/of verantwoordelike persoon enersyds, en die AP Akademie andersyds sal wees.

4.3 Ek/ons, die ondergetekende(s), onderneem gesamentlik of indiwidueel, wat ook al van toepasiing, dat ek/ons die bedrag van alle klasgelde en ander voorgeskrewe gelde stiptelik sal betaal voor of laatstens

op die voorgeskrewe datums (vgl. Prospektus), soos deur die Raad van die AP Akademie vasgestel en dat ek/ons oor die middele beskik om die finansiële verpligtinge na te kom

4.4 Ek die ondergetekende, onderneem om by die staking van kursusse en/of studie na die jaarlikse gegewe afsnydatums, die volle uitstaande klasgelde asook ander gelde wat verskuldig mag wees, te betaal, soos jaarliks deur die Raad van die Akademie vasgestel.

4.5 Ek verleen toestemming dat my/ons persoonlike inligting op die bediener van die AP Akademie gestoor mag word.

4.6 Hierdie onderneming is geldig vir die duur van die student se studie aan die AP Akademie en daarna totdat alle verpligtinge (akademies, finansieel en administratief) deur hom/haar nagekom is.

| Handtekening van persoon verantwoordelik vir die rekening | Datum |
| --- | --- |
| | |

## VIR KANTOORGEBRUIK

| M TELLING: |
|---|
| |

| GOEDGEKEUR | VOORWAARDELIK GOEDGEKEUR | NIE GOEDGEKEUR NIE | VOORWAARDELIKE TOELATING | OORBRUGGING |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Opmerkings: ..........................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

RPL/CAT aansoek vir watter vakke reeds geslaag - vgl. bl. 6: .......................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

RPL/CAT erkenning: (vir watter vakke word erkenning gegee deur die RPL/CAT komitee)

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

Kommentaar/Aanbevelings: ..........................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

RPL/CAT Komitee: ........................................... RPL/CAT Komitee: ................................................

Handtekening: Registrateur ............................... Handtekening: Dekaan .......................................

Datum: ............................................................... Datum: ...............................................................